# Kareeberg Munisipaliteit

**09/2022 TENDERS: NUWE VOERTUIE**

Getekende tenders word hiermee ingewag vir die volgende nuwe voertuie gelewer te Carnarvon, nl.:

- 7 x enkel kajuit 2 liter 4x2 LR bakkies
- 5 x 2 ton vragmotors met verwyderbare tralies
- 1 x 2 ton vragmotor met 'n wipbak met verwyderbare tralies

Volledige besonderhede en spesifikasies van voertuie wat aangebied word moet ingesluit word in die tenders. Die voertuie moet by aflewering geregisteer wees. Dui voorts aan of 'n motorvloot pakket aangebied/ingesluit is.

Meer besonderhede is op aanvraag verkrygbaar by die Hoof Operasionele Bestuurder.

**Tenderaars moet hulle unieke MAAA nommer verstrek (moet gelys wees vir die verkoop van voertuie). Tenders sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD4) nie aangeheg is nie. Geliewe daarop te let dat evaluering op die 80/20-puntestelsel sal geskied, en derhalwe moet die vorm MBD 6.1 ook ingedien word vir beoordeling op die 20-puntstelsel. Die ingevulde vorms MBD9 en MBD 8 moet ook aangeheg wees met bewys dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word.**

Verseëlde tenders gemerk "**TENDERS: VOERTUIE**" moet die ondergetekende voor of op **Vrydag, 16 Februarie 2022** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige tenders te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige tenders as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

**MNR. Z. MJANDANA**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

14 Januarie 2022

L8.2.1
Kennisgewingbord
Noordwester: 14 Januarie 2022
Webtuiste: www.kareeberg.co.za